

Winfin 2014

Finansiële Bestuur vir Boere en Besighede



Winfin 2014 is 'n rekeningkundige- en finansiëlebestuursprogram wat aanvanklik vir die rekeningkundige behoeftes van boere ontwikkel is. Dit is ook geskik vir algemene besighede en word wyd gebruik deur individuele boere, besighede, rekenmeesters en boekhouders.

Winfin 2014 voldoen aan en hanteer die volgende aspekte van enige boerdery of besigheid:

Rekeningkundig

- **Winfin 2014** is 'n rekeningkundige stelsel gebaseer op algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk
- Dit hou syfers vir 'n onbeperkte aantal boekjare en navrae en verslae kan enige tyd vir enige tydperk aangevra word
- **Winfin 2014** hanteer alle aspekte van die deursnee besigheid: Inkomstes en Uitgawes, Bank en Kontant, Debiteure en Krediteure, Voorraad, ander Bates en Laste, BTW, Eienaarsbelang en Kapitaal.
- 'n Volledige transaksieouditspoor word gehou van alle inskrywings wat gedoen word
- Transaksies kan vir vorige periodes gepos word (selfs in 'n vorige boekjaar) en die nodige joernale word outomaties vir die jare wat reeds afgesluit is geskep
- Transaksies kan vir die toekoms gepos word in die geval waar 'n maand nog nie afgesluit is nie maar dit byvoorbeeld nodig is om fakture uit te reik
- **Bank- en krediteure state kan ingetrek word vir tydbesparing en akkuraatheid**
- Voorsiening vir herhalende transaksies soos debietorders
- Outomatiese berekening en inskryf van waardervermindering by bates
- Die wins of verlies by die verkoop van bates kan opsioneel outomaties bereken word
- Winsberekening en jaareindjoernale word outomaties by jaarafsluiting gedoen
- Algemene rekeningkundige verslae soos Transaksielyste, Proefbalanse, Grootboeke en Bateregister kan vir enige tydperk en rekeninge gedruk word
- Finansiële state soos Inkomstestaar, Balanstraat en aantekeninge tot die state kan ook enige tyd vir enige tydperk gedruk word
- Data kan uitgeskryf word in Caseware formaat. Dit is 'n program wat deur baie rekenmeesters gebruik word om jaarlikse state op te stel en kan tyd en rekenmeesterkoste bespaar

Bestuur

- 'n Volledige bateregister van alle bates soos Grond en Geboue, Voertuie en Werktuie, Meubels en Toerusting, Vee en Beleggings kan gehou word
- Die depresiasie van bates kan gedoen word vir Rekeningkundige, Bestuurs en Belasingwaardes
- Inkomstes en Uitgawes kan aan vertakkings toegedeel word soos Mielies, Skape of Melk.
- Behalwe die vertakkings kan inkomste- en uitgaweinskrywings aan Plase toegedeel word
- Transaksies kan verder nog aan 'n eie ontledingsgroep toegedeel word
- Behalwe die R/c waarde van transaksies word rekord oor gehou van hoeveelhede of aantalle soos Tonne mielies geproduseer of aantal beeste verkoop
- Ontledingsverslae per vertakking en ander ontledingsgroepe kan gedruk word
- 'n Volledige inkomste/uitgawe en financieringsbegroting kan gedoen word
- Vergelykende verslae tussen werklike en begrote syfers kan enige tyd gedruk word

Winfin 2014

Finansiële Bestuur vir Boere en Besighede



Belasting

- Die hantering van BTW is integraal in die stelsel. By die inskrywing van Inkomstes en Uitgawes en aankoop van Bates word die BTW afdeling van die transaksies gevra of bevestig. Die nodige inskrywing word dan dadelik gedoen
- Die standaard BTW afdeling vir alle Inkomste en Uitgawe rekening word vooraf opgestel
- **Winfin 2014** kan BTW vir al die tydperke wat deur SARS toegelaat word hanteer: Maandeliks, 2-Maandeliks, 6-Maandeliks en Jaarliks
- Die BTW-201 opgawes kan enige tyd gedruk word en die uitleg stem ooreen met die amptelike gedrukte vorm of e-Filing dokument
- 'n BTW ontledingsverslag kan gedruk word in die geval wat SARS die opgawe wil oudit
- 'n Inkomstestaat met belastingwaardes kan gedruk word

Verslae

- Alle verslae kan eers op die skerm besigtig word voordat dit op papier gedruk word
- Verslae kan direk as PDF dokumente gedruk word vir verspreiding en besparing van papier
- Verslae kan direk uit die program per e-pos gestuur word, bv. aan rekenmeesters of banke
- Die meeste verslae kan na CSV formaat geskryf word vir opname in ander programme soos Excel waarmee eie analyses gedoen kan word

Algemeen

- Tweektalig: **Winfin 2014** kan in Afrikaans of Engels bedryf word.
- Standaard rekeninglyste volgens 'n bepaalde bedryf (soos Landbou of Besigheid) kan gebruik word en/of rekeninge volgens eie behoefte kan opgestel word.
- 'n Mens benodig nie omvattende rekeningkundige kennis of bekwaamheid om **Winfin 2014** te bedryf nie. Die aanbieding van transaksieinvoere is op praktiese situasie gebasseer
- Verskeie stelle boeke of datastelle kan op een rekenaar hanteer word
- 'n Gesofistikeerde toegangsbeheerstelsel maak dit moontlik om verskeie gebruikers op te stel wat op die program kan inteken maar dit kan so opgestel word om te bepaal watter funksies elke gebruiker mag uitvoer en watter verslae toeganklik sal wees ten einde vertoulike inligting te beskerm
- Multi-gebruik: Meer as een persoon kan gelyktydig transaksies vir 'n datastel toevoer
- Die integriteit en beveiliging van **Winfin 2014** data is van die grootste belang:
 - Voor elke maandeinde word die integriteit van die data gekontroleer deur te bepaal of alle syers balanseer
 - Afskrifte van die data kan direk vanuit die program op geheustokkies (*flash drives*), eksterne skywe of op enige ander plek op die rekenaar of netwerk gemaak word
 - Maandafsluitings kan nie gedoen word alvorens 'n afskrif van die data gemaak is nie

Winfin 2014

Finansiële Bestuur vir Boere en Besighede



Lisensiefooi

'n Jaarlikse lisensiefooi is betaalbaar. Die lisensie moet jaarliks hernu word ten einde ononderbroke gebruik van Winfin te verseker

Gelisensieerde gebruikers sal vir die volgende jaar alle opgraderings en regstellings sonder ekstra koste ontvang sowel as tegniese ondersteuning in die geval van probleme

Aankoop van Winfin 2014

Kontakpersoon	Helgard Scholtz
E-pos	helgard@properdata.co.za
Telefoon	044 533 3251
Webwerf	www.winfin.co.za
Die prys van Winfin 2014 soos op 1 November 2017	R4350 + BTW = R5002.50
<ul style="list-style-type: none">Die prys is vir 'n enkele gebruiker op 'n enkele rekenaar met maksimum 5 datastelle. Kontak Properdata vir multi-gebruiker pryseDit sluit die aankooprys en een jaar se lisensiefooi ter waarde van R1665 in	